

DIE REPTIELE VAN DIE ORANJE- VRYSTAAT


DEEL VI

J.H. van Wyk

DIE AKKEDISSE (SUB-ORDE SAURIA)

Hierdie is die laaste in die reeks oor die Vrystaatse akkedisse. Die familie wat ons van naderby sal beskou, is die familie Cordylidae:

VI. FAMILIE CORDYLIDAE



Hierdie akkedisse staan bekend as die gordelakkedisso ommdat hulle meestal gekenmerk word deur die sterk gekielde skubbe wat in gordels om die liggaam en stert gerangskik is. Die familie word in twee groepe verdeel.


A. Sub-familie Cordylinae (endemies tot Afrika). Van die vier groepe (genera) en 42 soorte (spesies en sub-spesies) in Suid-Afrika vind ons slegs twee genera en sewe spesies en sub-spesies in die Vrystaat.

B. Sub-familie Gerrhosaurinae (endemies tot Afrika en Madagaskar). Van die drie groepe (genera) en 16 soorte (spesies en sub-spesies) in Suid-Afrika vind ons twee genera en drie spesies en sub-spesies in die Vrystaat.

FAMILIE CORDYLIDAE


SLEUTEL TOT SUB-FAMILIES

Vier parientale kopskubbe (P)



Sub-familie Cordylinae

Twee parientale kopskubbe (P)




Sub-familie Gerrhosaurinae

SUBFAMILIE GERRHOSAURINAE

SLEUTEL TOT GENERA

Ledemate is goed ontwikkel



Genus *Gerrhosaurus*

Ledemate is kort, rudimentêr of afwesig



Genus *Tetradactylus*

GENUS *TETRADACTYLUS*


SLEUTEL TOT SPESIES

'n Enkele vinger aan voorvoet (monodaktiel)



Tetradactylus africanus



Twee vingers aan voorvoet (didaktiel)



Tetradactylus breyeri

TETRADACTYLUS BREYERI

Roux, 1907
Breyer-pantserakkedis



S.A. verspreiding: Oos-Transvaal, Natal en Oos-Vrystaat.



Kleur: Die rugkant vertoon olyfbruin met 2 donker lengteverlopende strepe. 'n Donker lengteverlopende lyn is ook sigbaar op sykante. Die kop het donker kolle op bokant. Maagkant vertoon wit.

Grootte: Enigste eksemplaar = 207 mm.

Habitat: Grasveld.

TETRADACTYLUS AFRICANUS AFRICANUS

(Gray, 1838)
Pondoslangakkedis



S.A. verspreiding: Pondoland, noordwaarts tot by Witzieshoek, Natal en Zoeloeland.



Kleur: Rugkant olyfbruin met donker lengteverlopende lyne. Kop vertoon donker kolle op bokant. Maagkant vertoon wit tot olyfgroen.

Grootte, Voedsel, Voortplanting: Onbekend aangesien net een eksemplaar in 1915 in die O.V.S. versamel is.

GERRHOSAURUS FLAVIGULARIS

Wiegman, 1828

Geelkeel-pantserakkedis



S.A. verspreiding: Transvaal, Vrystaat en suidwestelike dele van die Kaapland.

Kleur: Rugkant is bruin met 'n paar (2) donker omlyne geel strepe langs kant van liggaam van die ooropening tot die begin van die stert. Twee lige lengteverlopende lyne op die rugkant. Mannetjies se koppe mag rooi wees. Maagkant is gewoonlik wit.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 272 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 334 mm.

Habitat: Bly in gate onder klippe en rotse teen hange van koppies.


Voedsel: Insekte.

Voortplanting: Vyf tot agt eiers word in Desember gelê en broei in Februarie uit.

SUB-FAMILIE CORDYLINAE


SLEUTEL TOT GENERA

Skubbe op rug is klein met granules tussenin.



Genus *Pseudocordylus*

Skubbe op rug is groot sonder granules tussenin.



Genus *Cordylus*

GENUS *CORDYLU*S


SLEUTEL TOT SPESIES

Oksipitale skubbe vergroot.



Cordylus giganteus

Oksipitale skubbe nie sterk vergroot nie.



Eerste ry skubbe agter kop is verleng.



Cordylus vittifer

Eerste ry skubbe agter kop nie noemenswaardig verleng nie.



Skubgordels op stert bestaan uit 2 rye skubbe (1 groot en 1 klein).



Cordylus polyzonus

Skubgordels op stert bestaan uit 'n enkele ry groot skubbe.




Cordylus cordylus

CORDYLV GIGANTEUS

A. Smith, 1844

Ouvolk



S.A. verspreiding: Noordoos-Vrystaat en aangrensende dele van Suid-Transvaal en Natal.

Kleur: Die bokant van die kop, rug en stert vertoon donkerbruin. Die sykante van die kop en liggaaam vertoon liggeel en die maagkant gryswit.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 376 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 386 mm.

Habitat: Bly in gate wat hulle self grawe ($\pm 0,5$ m diep en 2 m lank). Hierdie gate is volop in graslanddele teen 'n geleidelike helling of gelyk grond. Die vernietiging van die habitat van hierdie diere het daartoe geleid dat hulle vandag as 'n bedreigde spesie beskou word.


Voedsel: Meestal kewers, termiete en ook sprinkane.

Voortplanting: Twee tot drie kleintjies word lewendig gebore gedurende die laat somermaande. Dit is moontlik dat elke wyfie net een maal elke tweede jaar broei.

CORDYLV POLYZONUS POLYZONUS

A. Smith, 1838

Likkewaanakkedis



S.A. verspreiding: Suidelike dele van die O.V.S., weswaarts deur die Karoo tot in die westelike dele van die Kaapprovinsie en suidelike S.W.A.

Kleur: Die rugkant en stert kan varieer van bruin, donkerbruin tot swart. 'n Swart lengteverlopende band in die nekgebied is kenmerkend. Die sykante is lig en die onderkante is meestal wit maar in sekere gebiede vertoon dit rooi.



Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 247 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 256 mm.

Habitat: Bly in vertikale rotsskeure veral in die laagliggende dele van doleriet-koppies.

Voedsel: 'n Verskeidenheid van kewers, ander vlieënde insekte en termiete.

Voortplanting: Een tot drie kleintjies word lewendig gebore in die laat somermaande.

CORDYLU^S CORDYLU^S CORDYLU^S
 (Linnaeus, 1758)
 Kaapse gordelakkedis



S.A. verspreiding: Suidelike kusgebiede van Wes- en Oos-Kaap, noordwaarts tot in die suidelike O.V.S.

Kleur: Rugkant vertoon grys tot ligbruin met verspreide donker kolle of dwars strepe. Die onderkant vertoon wit.



Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 144 mm
 Grootste wyfie in die O.V.S. = 159 mm.

Habitat: Rotskoppies, berghange waar hulle in skeure bly.

Voedsel: Kewers en ander vlieende insekte

Voortplanting: Kleintjies word lewendig gebore in die laat somermaande.

CORDYLU^S VITTIFER VITTIFER
 (Reichenow, 1887)
 Transvaalse gordelakkedis



S.A. verspreiding: Transvaal, Natal en die noordelike en noord-oostelike dele van die O.V.S.

Kleur: 'n Aantal kleurvariasies kom in die Vrystaat voor.

A. Rugkant is liggeel tot bruin. Donker skubbe aan sykant mag donker en ligte afwisselende bande vorm. Geen lengteverlopende lyn in die middel van rug kom voor nie.

B. Die rugkant vertoon basies net soos variasie A maar 'n wit lengteverlopende lyn is in die middel van die rug sigbaar.

C. Die rugkant vertoon net soos bogenoemde twee variasies behalwe dat die lengteverlopende lyn in die middel van die rug donker vertoon.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 169 mm.
 Grootste wyfie in die O.V.S. = 177 mm.

Habitat: Bly in rotsskeure.

Voedsel: Kewers en ander vlieende insekte.


Voortplanting: Kleintjies word lewendig gebore in die laat somermaande.



GENUS *PSEUDOCORDYLUS*


SLEUTEL TOT SPESIES

Stekelrike skubbe aan kant van liggaam.



Pseudocordylus spinosus

Geen stekelrike skubbe aan kant van liggaam nie.





Pseudocordylus melanotus

PSEUDOCORDYLUS SPINOSUS

FitzSimons, 1947

Stekelrike kransakkedis



S.A. verspreiding: Laer hellings van die Natalse Drakensberge vanaf Koninklike Natalse Nasionale Park af tot by Giants Castle en ook by die Sentinel in Qwa-Qwa.

Kleur: Rugkant vertoon donkerbruin tot swart met geel kolle gerangskik in lengteverlopende rye. 'n Swart kol is te sien aan albei kante van die nek. Maagkant is wit.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 188 mm.


Habitat: Skeure in rotse op hoogtes van ongeveer 2400 meter.

Voedsel en Voortplanting: Onbekend, aangesien nog net drie akkedisse in Qwa-Qwa versamel is.

PSEUDOCORDYLUS MELANOTUS


SLEUTEL TOT DIE SUB-SPEIES

Frontonasale skub in twee verdeel



Pseudocordylus melanotus melanotus

Frontonasale skub nie in twee verdeel nie




Pseudocordylus melanotus subviridis

PSEUDOCORDYLUS MELANOTUS MELANOIUS

(A. Smith, 1838)

Hoeveldse gordelakkedis



S.A. verspreiding: Oos-Vrystaat.

Kleur: Die mannetjie vertoon gewoonlik 'n breet donker band op rugkant. Die sykant van die liggaam vertoon helder oranje. Die maagkant is wit maar soms ook rooi. Die wyfies is nie so helderkleurig nie en vertoon eerder donker en lichte merke op 'n grys agtergrond. In die broeiseisoen vertoon die lieste van die wyfies geel.



Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 317 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 301 mm.

Habitat: Kom voor op rotse in die berge en koppies in die Oos-Vrystaat, gewoonlik tot by 'n hoogte van 237 meter.

Voedsel: Kewers, ander vlieënde insekte en spinnekoppe.

Voorplanting: Een tot vier kleintjies word lewendig gebore in die laat somermaande.

PSEUDOCORDYLYS MELANOTUS SUBVIRIDIS
(A. Smith, 1838)
Drakensbergse gordelakkedis



S.A. verspreiding: Langs die Drakensbergreeks vanaf Mont-aux-Sources suidwaarts deur Lesotho tot by die Amatolaberge in die Oos-Kaap.

Kleur: Die mannetjies het nie 'n donker band op rugkant nie maar vertoon grysbruin met donker merke. Die sykante van die liggaam is oranje-geel en die voorste dele van die dye en boonste arms vertoon groen. Die wyfies is nie so helderkleurig soos die mannetjies nie, alhoewel die lieste geel kan wees en die arms en agterbene groen. Albei geslagte het twee swart kolle in die nekgebied.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 241 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 211 mm.

Habitat: Skeure in rotse op hoogtes tussen 1829 en 2622 meter.

Voedsel: Insekte.

Voortplanting: Twee tot vier kleintjies word lewendig gebore in die laat somermaande.



BIBLIOGRAFIE

- BROADLEY, D.G. 1964. A review of the crag lizards (Genus *Pseudocordylus*) of Natal. *Ann. Cape Prov. Mus.* 16: 99-110.
DE WAAL, S.W.P. 1978. The Squamata (Reptilia) of the Orange Free State, South Africa. *Mem. nas. Mus., Bloemfontein* 11: 1-160.
FITZSIMONS, V.F.M. 1943. The lizards of South Africa. *Trans. Mus. Mem.* 1: 1-528.
GOIN, J.C., GOIN, O.B. & ZUG, G.R. 1978. *Introduction to Herpetology*. San Francisco: W.H. Freeman and Company.
LOVERIDGE, A. 1944. Revision of the African lizards of the Family Cordylidae. *Bull. Mus. Comp. Zool. Harv.* 96: 1-118.

ERRATUM IN DEEL V

In die artikel "Die Reptiele van die Oranje-Vrystaat. Deel V" op bladsy 10 van *Nasionale Museum Nuus* Nr. 27 moet die volgende veranderings aangebring word.

1. "Skubbe onder tone is sterk gekiel" verander na "Snoet vertoon skerp en afgeplat".
2. "Skubbe onder tone is nie sterk gekiel nie" verander na "Snoet vertoon rond en minder afgeplat".



Prikkelpop, oftewel die ystervark (porcupine) is die grootste knaagdier in Afrika.